**Vrydag 12 Februarie**

**Skrifgedeelte: Lukas 24:13-35; HK Sondag 6, Vraag 19**
**Fokusgedeelte: Lukas 24:27**

## Christus word uit die evangelie geken

Christus het aan die Emmausgangers verduidelik hoe die Skrifuitsprake van Moses en die profete op Hom betrekking het. Een van die eerste uitsprake wat van Hom getuig, is die moederbelofte in Genesis 3:15. Daarvolgens het God aan die slang gesê: *"Ek stel vyandskap tussen jou en die vrou, tussen jou nageslag en haar nageslag. Haar nageslag sal jou kop vermorsel en jy sal Hom in die hakskeen byt."* In hierdie woorde word al die wesenlike elemente van die openbaring van God se genade in Christus saamgevat. Dit is die bron waaruit verskillende lyne vloei wat ons deur die hele Ou Testament kan volg en wat uitloop op die Woord wat mens geword het (Joh. 1:14). Veral drie lyne kan duidelik onderskei word (SCW Duvenage):

*Die eerste is die lyn van die afstamming van Christus*. Met die moederbelofte word na die komende Verlosser as die nageslag van die vrou verwys. Met die roeping van Abram word hy aangewys as die een uit wie se nageslag Christus gebore sou word, as die Here aan hom sê: *"In jou sal al die volke van die aarde geseën wees"* (Gen. 12:3). Dit beteken dat uit sy nageslag die Christus sal voortkom wat vir die gelowiges uit alle volke tot seën sal wees. Verder word geprofeteer dat Christus uit die geslag van Dawid sal voortkom (2 Sam. 7:13; Jer. 23:5). Eindelik word Maria aangewys as die vrou uit wie Hy gebore sou word en gebore is (Luk. 1:30-32; 2:7).

*Die tweede is die lyn van die lyding van Christus*. Reeds in die moederbelofte is daar sprake van stryd, en dit impliseer lyding. Die lyding is verder afgebeeld in die diere wat as offers moes sterwe en waarvan die bloed gevloei het. In die profesieë word Hy geteken as die Man van lyding (Jes. 53). Dit alles word met sy bitter en smadelike lyding en dood aan die kruis vervul.

*Die derde is die lyn van die heerlikheid van Christus*. In die moederbelofte word sy oorwinning oor Satan reeds aangekondig. Jesaja getuig daarvan as hy sê dat Hy genoem word: *"Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors"* (Jes. 9:5).

In die volheid van die tyd gaan dit alles in vervulling. Dan word Christus oorwinnaar oor siektes en duiwels, oor dood en graf, oor Satan en al sy helse magte. Deur alles heen skitter sy heerlikheid (Joh. 1:14). Dit sal by sy wederkoms ten volle geopenbaar word (1 Tes 4:13-18).

So getuig die hele Skrif van Christus.